



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ [www.saexampapers.co.za](http://www.saexampapers.co.za)

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## NOVEMBER 2011

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   - AFDELING A: Dansgeskiedenis en -teorie
   - AFDELING B: Musiekteorie
   - AFDELING C: Anatomie en Gesondheidsorg

2. Beantwoord AL die vrae, behalwe by VRAAG 2 waar daar 'n keuse is. Beantwoord ÓF VRAAG 2.2 ÓF VRAAG 2.3.

3. Lees die hele vraestel aandagtig deur voordat jy dit beantwoord.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

6. Laat DRIE reëls oop na ELKE antwoord.

7. Enige vrae wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

8. Kontroleer of jy AL die vrae beantwoord het.

9. Skryf netjies en leesbaar.


## AFDELING A: DANSGESKIEDENIS EN -TEORIE

### VRAAG 1

Noem TWEE verskillende dansvorme wat jy hierdie jaar bestudeer het. Verduidelik die spesifieke kenmerke van elke dansvorm, byvoorbeeld bewegings/passies gebruik, styl, musiek, kostuums, wie dit sal opvoer, waar dit opgevoer kan word. **[10]**

### VRAAG 2

2.1 Choreografie bestudeer bewegings en kan emosies uitdruk. Watter emosie(s) dink jy word in die foto hieronder uitgedruk? Verduidelik jou antwoord.



(5)

Beantwoord ÓF VRAAG 2.2 ÓF VRAAG 2.3.

2.2 Kies enige TWEE van die choreografiese middels uit die lys hieronder en gee 'n verduideliking van elkeen.

| |
|---|
| variasie; rondo; kanon; toeval; klimaks |

(4)

**OF**

2.3 Verduidelik hoe improvisasie in die dansklas en tydens choreografie help om 'n danser se kreatiwiteit te ontwikkel. (4)

**[9]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 3**

Kies EEN choreograaf uit die voorgeskrewe lys hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | INTERNASIONALE CHOREOGRAWE |
|---|---|
| Veronica Paeper | George Balanchine |
| Vincent Mantsoe | Alvin Ailey |
| Alfred Hinkel | Martha Graham |
| Sylvia Glasser | Christopher Bruce |
| Gary Gordon | Marius Petipa en Lev Ivanov |
| Mavis Becker | Vaslav Nijinsky |
| Hazel Acosta | Paul Taylor |
| Carolyn Holden | |

3.1 Noem die choreograaf wat jy uit die lys hierbo gekies het.

3.2 Waar is die choreograaf gebore? (1)

3.3 Wat was sy/haar vroeë dansopleiding en -invloede? (3)

3.4 Gee besonderhede oor die choreograaf se professionele loopbaan as 'n danser en/of as choreograaf. (6)

3.5 Noem DRIE unieke stylkenmerke van sy/haar werk. (3)

3.6 Na jou mening, waarom word hierdie choreograaf as belangrik beskou, byvoorbeeld sy/haar bydraes tot dans, erkenning, toekennings en prestasies in dans? (3)

**[16]**

**VRAAG 4**

Beantwoord die vrae wat volg oor EEN van die danswerke in die voorgeskrewe lys hieronder.

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | DANSWERKE | INTERNASIONALE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|---|---|
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld* | George Balanchine | *Apollo of Agon* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* | Alvin Ailey | *Revelations* |
| Alfred Hinkel | *Last Dance (Bolero)* | Martha Graham | *Appalachian Spring of Lamentation* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* | Christopher Bruce | *Ghost Dances of Rooster* |
| Gary Gordon | *Bessie's Head* | Marius Petipa en Lev Ivanov | *Swan Lake* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* | Vaslav Nijinsky | *Le Sacre du Printemps* |
| Hazel Acosta | *Blood Wedding* | Paul Taylor | *Esplanade* |
| Carolyn Holden | *Imagenes/Blood Wedding* | | |

4.1 Noem die choreograaf en die danswerk wat jy gekies het.

4.2 Wat is die sinopsis/tema van die danswerk en wat het die choreograaf geïnspireer om hierdie danswerk te skep? (5)

4.3 Beskryf die kostuums wat gebruik is en hoe dit die danswerk gekomplementeer het. (3)

4.4 Bespreek hoe TWEE van die volgende produksie-elemente gebruik is om die choreograaf se idee(s) te kommunikeer:

- Verhoogruimte
- Stelle
- Rekwisiete
- Ligte (4)

4.5 Analiseer die bewegingskat, gebruik van dansers en simboliek in hierdie danswerk. (6)

4.6 Gee inligting oor die musiek/begeleiding (komponis, kunstenaar, groep, instrumente gebruik) en hoe dit tot hierdie danswerk bygedra het. (2)
**[20]**

**VRAAG 5**

Jy het een tradisionele Suid-Afrikaanse seremoniële dans hierdie jaar geleer. Beantwoord die vrae wat volg.

5.1 Gee die naam van die dans wat jy geleer het en noem uit watter gebied/kultuur dit kom. (1)

5.2 Verduidelik die doel van hierdie dans en die funksie daarvan in die gemeenskap. (3)

5.3 Beskryf die kleredrag/kostuums wat in hierdie dans gedra sou word. (3)

5.4 5.4.1 Beskryf die musiek/begeleiding/instrumente wat in hierdie dans gebruik sou word. (2)

5.4.2 Beskryf die bewegings/verhoudings/formasies van hierdie dans. (3)

5.5 Verduidelik die simboliek wat in hierdie dans gebruik word. (3)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 70**

**AFDELING B: MUSIEKTEORIE**

**VRAAG 6**


Noem die korrekte musiekkategorie vir elke groep instrumente hieronder getoon.

6.1




(1)

6.2



(1)

6.3




(1)
**[3]**

**VRAAG 7**

Teken die vier mate hieronder in jou ANTWOORDEBOEK oor en komponeer dan vier mate musiek met 'n $\frac{3}{4}$-tydmaatteken.

Jy mag enige geskikte note of rustekens vir elke maat gebruik.



**[4]**

**VRAAG 8**

8.1 As jy deel van 'n vasvraspan was, wat sou jou antwoorde op die volgende vrae wees?

8.1.1 Is $\frac{6}{8}$ enkelvoudige of saamgestelde tydmaat? (1)

8.1.2 Wat noem jy verskeie ritmes wat gelyktydig gebruik word, soos in Afrika-musiek? (1)

8.1.3 Noem EEN elektroniese instrument. (1)

8.1.4 Watter ritme/tydmaatteken is 'n wals? (1)

8.1.5 Wat word die nommers genoem wat op die notebalk aan die begin van 'n musiekstuk verskyn? (1)

8.2 Verduidelik maniere waarop musiek jou dans beïnvloed. (4)
**[9]**

**VRAAG 9**

Verduidelik enige TWEE van die volgende musiekelemente:

9.1 Melodie

9.2 Dinamiek

9.3 Ritme **[4]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: ANATOMIE EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 10

10.1 Voltooi die volgende sinne oor die fiksheidskomponente deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (10.1.1–10.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

10.1.1 … is die vermoë van die hart en longe om tydens fisiese aktiwiteit effektief te werk. (1)

10.1.2 … is wanneer dansers in staat is om hulle gewrigte deur 'n wye reeks bewegings te beweeg. (1)

10.1.3 … is 'n danser se vermoë om spiere baie keer saam te trek sonder om moeg te word. (1)

10.1.4 … is die kapasiteit om 'n spiersametrekking of -krag teen weerstand uit te oefen. (1)

10.2 Voltooi die volgende sinne oor vaardigheidsverwante fiksheidskomponente (neuromuskulêre vaardighede) deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (10.2.1–10.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| krag; balans; spoed; ratsheid; reaksietyd; vloeiendheid |

10.2.1 … is die vermoë van die danser om die liggaamsposisie vinnig te verander. (1)

10.2.2 … is jou vermoë om ewe veel gewig rondom 'n sentrale punt vol te hou. (1)

10.2.3 … is die gladde vloei van beweging, wat die effek van konstante, moeitelose beweging skep. (1)

10.2.4 … is die vermoë om krag en spoed te kombineer om 'n sterk beweging uit te voer. (1)

10.2.5 … is hoeveel tyd dit die danser neem om te besef dat hy/sy moet beweeg om die gewenste resultaat vol te hou. (1)

10.2.6 … is die vermoë om in die kortste tyd van punt A tot by punt B te kom. (1)

10.3 Verduidelik hoe om in die dansklas veilig te strek. (6)

**[16]**

**VRAAG 11**

Verrekkings en verstuitings het onmiddellike/voortgesette behandeling, wat RYKE ('RICE') genoem word, nodig. Noem ELKE deel van hierdie behandeling en verduidelik hoe dit herstel aanhelp. **[8]**

**VRAAG 12**

12.1 Bespreek hoe die korrekte dansateljeevloer beserings kan voorkom. (3)

12.2 Bespreek hoe die korrekte dansklere beserings in verskeie dansvorme kan voorkom. (3)

12.3 Noem en verduidelik DRIE oorsake van swak danstegniek. (6)
**[12]**

**VRAAG 13**


13.1 Hoe kan korrekte eetgewoontes 'n belangrike rol in die verhoging van jou dansprestasie speel? Verduidelik in detail. (4)

13.2 Wat is die belangrikheid van hidrasie vir 'n danser en wat kan die gevolge van dehidrasie (ontwatering) wees? (2)
**[6]**

**VRAAG 14**

14.1 Benoem die spier/spiergroep gemerk **A**–**H** op die illustrasie hieronder. (8)

14.2 Noem EEN anatomiese aksie/beweging en dui aan watter deel van die liggaam beweeg word vir ELK van die spiere gemerk **A, C**, **D**, **E** en **G**. (10)




**[18]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**
**GROOTTOTAAL: 150**